## VAN STAMVERWANTE BODEM

*In Bijdragen en Mededelingen van het Historisch Genootschap*, deel 76 (Groningen, 1962, 359 bl.) kom 'n paar bydraes voor wat ook met betrekking tot ons geskiedenis van belang is. Dr. J. Craeybeckx, van Brussel, het 'n belangwekkende studie gemaak van die *Tiende Penning* en tot die volgende gevolgtrekkings gekom: allereers dat dié belasting nooit in Vlaandere en Brabant, o.m. in Gent, Brugge en Brussel, geïn is nie, en tweedens, dat die Tiende Penning nie as 'n oorsaak van die ekonomiese insinking in die winter van 1571-1572 beskou kan word nie. Hy is egter van mening dat die verset teen die beoogde maatreël van die kant van die Spaanse bewindhebbers wel as belangrik beskou moet word.

*Achtergronden en algemene tendenties van het buitenlands beleid van Nederland en België in het midden van de 19de eeuw*, van die hand van prof. dr. J. C. Boogman, kan o.i. ook met betrekking tot ons Vaderlandse geskiedenis van belang beskou word, waar dit die amptelike houding van die Nederlandse regering ten opsigte van die Boererepublieke betref.

Die tradisionele Nederlandse buitelandse beleid was, soos in die verlede, op handelsbelange gebaseer en dit het 'n beleid van vrede, onthouding en neutraliteit vereis. Die Klein-Nederlandse gedagte het oorheers terwyl in toonaangewende kringe die begrip aangaande internasionaal-politieke vraagstukke baie te wense oorgelaat het. Die skrywer kom, op grond van hierdie en ander uitlatings, tot die volgende belangrike gevolgtrekking: „Van een specifiek Nederlands zendingbewustzijn valt er in deze periode nauwelijks meer iets te bespeuren."

Behoudensgesindheid blyk ook uit die feit dat van 'n honderdtal Nederlandse ministers tussen 1844 en 1877, 81 afkomstig was uit adellike en patrisiese kringe. Hulle was, as verteenwoordigers van hulle groep — sowel wat afkoms as belange betref — ten gunste van rus, vrede en stabiliteit. In dié lig beskou moet dan o.i. ook die optrede van die Nederlandse regering ten tyde van die Smellekampsank tussen die Britse en die Nederlandse regering beskou word soos dit deur dr. A. Wijpkema in sy bekende werk uiteengesit is.

Belangrik vir ons kennis van die bedrywighede van die bekende Nederlandse vlootvoog, Pieter Pieterseun Heyn, in die suidelike waters van die Atlantiese Oseaan is L. M. Akveld se studie *Journaal van de reis van Piet Heyn naar Brazilië en West-Afrika* 1624-1625.

Wetenswaardig is dat die genoemde joernaal in die vorm van 'n afskrif deur prof. dr. W. Jappe Alberts aan die lig gebring is. Die afskrif is in die *Herzog-August-Bibliothek* in Wolfenbüttel (Duitsland) waar dit reeds voor 1666 aanwesig was.

Van die hand van die Leidse hoogleraar in Kerk- en Dogmengeskiedenis, prof. J. N. Bakhuizen van den Brink, het 'n belangrike bronnepublikasie in verband met die Hervorming verskyn, nl. *Protestantse Pleidooien* (dele I en II, Boeketreeks 40 (a) en (b), 206 en 238 bl., J. H. Kok, Kampen, 1962). Elkeen van die onderskeie hoofstukke is van 'n passende inleiding voorsien en aan die hand van 'n groot aantal geskrifte toegelig. Die dokument self is in moderne Nederlands vertaal.

Die grootste gedeelte van die eerste deel is aan die optrede van Luther gewy, vervolgens kom Melachton en Zwingli aan die beurt. Die tweede deel is hoofsaaklik aan Calvyn gewy. Daarop volg besonderhede in verband met die Reformasie in Skotland en ten slotte kom die Nederlande aan die beurt. Pleidooie is gerig aan Koning Frans en Keiser Karel, aan Pous Leo, aan Regentes Maria de Guise van Skotland. Pleidooie, smeekskrifte, eerbiedig gestelde versoekskrifte wat gewoonlik verwerp is. En tog het, ten spyte van die voortdurende afwysing van die kant van kerklike en wêreldlike ower-

hede, die Protestantisme begin ontplooi. Luther se studentetal het van 300 tot 2,000 gestyg, in die tweede helfte van die sestiende eeu was daar ongeveer 2,500 Protestantse gemeentes in Frankryk, in sy brief aan Koning Filips II (1561) is die aantal Protestante in die Nederlande op 100,000 geskat, 'n aantal wat volgens die outeur te laag is.


'n Werk van groot belang is dié van dr. H. Hoetink: *De gespleten samenleving in het Caribisch gebied, Bijdrage tot de sociologie der rasrelaties in gesegmenteerde maatschappijen* (Van Gorcum & Comp., Assen, 1962, 314 bl.).

Soos die titel van hierdie belangrike werk aandui, is die inhoud hoofsaaklik van sosiologiese aard, maar dit het tog ook sekere historiese implikasies. Die skrywer het hom nie net tot die eilande in die Karibiese seegebied beperk nie, maar ook die suidelike deel van die V.S.A., die sogenoemde „Deep South" by sy studieveld en behandeling ingesluit. 'n Besonder interessante punt wat hy in die loop van sy beskouings aanraak is die invloed van die Spaanse en Portugese koloniale stelsel aan die een kant en die Britse en Nederlandse stelsels en beskouings aan die ander kant. In verband met eersgenoemde beskouings, was die eenheid van geloof die deurslaggewende faktor wat rassekundige verskille onbetekenend gemaak en in die rigting van integrasie gelei het. Onder die Britse en Nederlandse koloniale gesag, is ook uit godsdienstige oorwegings, 'n beleid van segregasie toegepas. Van besondere belang is die hoofstuk *Het spiegelbeeld van tropenkolder* waarin vasgestel word dat die opvattings van persone wat jarelang in 'n kolonie of 'n soortgelyke samelewing deurgebring het, t.o.v. rassevraagstukke bots met dié opvattings wat die skrywer kenmerkend as die „moederlandse beeldvorming" beskryf, m.a.w. die verskil in houding van die ingewyde teenoor die nie-ingewyde. Hy wys ook daarop dat t.o.v. die geskiedskrywing van bogenoemde gebiede tot betreklik onlangs die fout gemaak is om die koloniale geskiedenis te beskryf soos dit deur die bril van die „moederlander" en ooreenkomstig die heersende tydgees beskryf is.

'n Voorbeeld van 'n onderhoudend opgestelde biografie is die studie van die hand van H. Hardenberg oor *Etta Palm,* met as ondertitel *Een Hollandse Parisienne.* 1743-1799. (Van Gorcum, Assen. Hist. Bibl. nr. 68, 125 bls., 1962) waarin die lewensloop geskets word van 'n jong Nederlandse vrou wat na 'n avontuurlike en dikwels nie te prysenswaardige jeug in Parys opgang gemaak het in die diplomatieke wêreld, o.m. as 'n teenstander van die Nederlandse Patriotte en 'n ondersteuner van die Oranjeparty in die Nederlandse Republiek. O.i. lê die groot waarde van hierdie uitstekende biografie nie altyd in die belangrikheid van die hoofpersoon nie, behalwe dat sy 'n propagandis vir die regte van die vrou was, maar wel in die feit dat die diplomatieke geknoei en die daling van die sedelike peil in die kringe waarin sy verkeer het, skerp en genadeloos geteken word. Op daardie wyse gee die biograaf die leser insig in 'n paar aspekte van 'n tydperk waarmee ons gewoonlik nie in aanraking kom in die meer algemene handboeke oor daardie periode nie.

By dieselfde uitgewer het, van die hand van dr. N. A. Bootsma 'n deeglike studie oor die *Hertog van Brunswyk* verskyn wat handel oor die hertog se verblyf en optrede in die Nederlandse Republiek van 1750-1759 (Hist. Biblioteek) pp. 69, ruim 500 bls., 1962.

Dr. J. Ploeger.



# Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste gedeelte van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van sowat 2,350,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds!

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie onlangs 'n uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë sal verhoog tot tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokton teen 1973.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

**HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA**

# *Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!*

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

## DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as poskantoorklerk of tegnikus, is diens aan u land.

**U word verseker van**

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere besonderhede verstrek.**